











**VRYDAG**
24 Februarie 2023

Volg ons op Facebook
(@067triangle)
Stuur 'n e-pos na
067triangle@gmail.com

oh!sixseven
central northern areas

# Almal wen in die oorlog teen rommel, mens én natuur

Grootfontein Recycling help om die dorp skoon te kry, terwyl mense wat op die dorp se ashope woon, hul daaglikse brood deur herwinning verdien.

## Nell 'bevry' dorp van tonne vullis

**'n Enkele vrou bevry Grootfontein van tot 20 ton rommel elke een tot drie maande, terwyl die Nell-familie se herwinningsaanleg 'n broodnodige bron van inkomste vir talle straatkinders en haweloses op die dorp is.**

Chanté Nell van Grootfontein Recycling is 'n trotse lid van Rent-A-Drum, wat die rommel by haar kom haal en na hul sorteringsaanleg in Windhoek neem.

Na bl. 2



Chanté Nell. FOTO VERSKAF



## Wanda se behandeling 'gaan goed'

Wanda Jacobi-Kirchner, die 35-jarige ma en oud-Grootfonteiner wat tans gespesialiseerde behandeling teen 'n seldsame kanker in Duitsland ontvang, het ná haar eerste bestraling verlede week Woensdag (15 Feb.) laat weet dit het "baie goed" gegaan.

"Die masker gaan nie my gunsteling bybehore wees nie, maar dit is draaglik. Gelukkig is die individuele terapieë kort.

Na bl. 4





**"Ek is eintlik maar 'n 'greeny', al eet ek vleis en biltong."- Chanté Nell**

Só lyk dit as Grootfontein Recycling lorrievragte rommel vir herwinning wegry. FOTO VERSKAF

Vanaf bl. 1

Plastiek, papier, glas, blikkies en kartonbokse word opgekoop, gebaal en dan na Rent-A-Drum gestuur. Daar word ook ou batterye asook velle en horings opgekoop.

Heel glasbottels word teruggekoop vanaf die publiek vir SAB Miller, Namib Breweries en Distillers.

Ander glasbottels word ook fyn gebreek en weggestuur om herwin te word. "Al kry ek nie werklik geld hiervoor nie, gaan dit vir my meer daaroor dat ons die wêreld skoonmaak," vertel sy.

Grootfontein Recycling is daagliks 'n miernes van mense wat uitgesorteerde rommel vir herwinning bring – met van Nell se mees getroue kliënte wat tot N$300 per dag verdien.

"Ek is eintlik maar 'n 'greeny', al eet ek vleis en biltong," spot sy. "Ek gee om en glo in bewaring. Hoe lank gaan ons nog alles op die ashope stort en dit toekrap? Wat as dit in ons waterbronne beland, waarop ons in die Noorde ons so op roem?" vra sy.

"Op die ou einde van die dag gaan dit nie vir my oor geld nie, maar oor die prinsiep."

### Heenkome

Verskeie werklose mense en straatkinders bring vir haar herwinbare rommel, waarvoor hulle betaal word.

"Dit is hoe hulle elke dag kos kan koop. Hulle bring dit in, dit word geweeg en hulle word betaal," vertel Nell.

Grootfontein het ook tussen 50 en 60 mense wat op die dorp se vullishope in "huise" van plastieksakke leef – sommige van hulle is kinders, ander volwassenes wat tussen 40 en 50 jaar oud is.

Dié mense het egter ook begin om herwinbare vullis vir Nell te sorteer en bymekaar te maak. "Dit is vir hulle 'n inkomste. Hulle stap letterlik 12 km om die herwinbare items vir my te bring."

Soms, as hulle baie herwinbare rommel bymekaar het, gaan tel Nell dit met 'n sleepwa op.

"Hulle noem hulleself die Saamstaan-groep. Hulle sit al hul geld saam wat hulle elke dag uit die herwinning maak om kos te koop," vertel Nell.

### PVC

Nell sê hulle kan alle plastiek herwin, maar net nie PVC nie.

"Enige bottels van skoonmaakprodukte, sjampoo- en skottelgoedseepbottels kan ek herwin. Daar is hier en daar goeters soos baba-poeierbottels, wat PVC-plastiek is.

"Ons het nie iemand hier wat PVC kan herwin nie, tog kan dit byvoorbeeld by bousand ingewerk word en op die manier as 'n goedkoop boumateriaal herbenut word," het sy verduideik. Nell sê sy ondersoek tans maniere om PVC in bakstene te gebruik, in samewerking met die National Youth Service op Rietfontein.

Grootfontein Recycling herwin ook metaal – ligte staal wat na Scrap Salvage gaan en yster wat in vraghouers Dubai toe gaan.

VMS Recycling Oshakati neem ook al hul koper, sink, alluminium, lood en brons.

Elektroniese ware wat by haar afgegee word, word op haar perseel uitmekaar gehaal en sorteer. "Nami-green spesialiseer in die herwinning van elektroniese ware – ek sorteer dit en stuur dit vir hulle," vertel sy. Die Nelle herwin reeds vir 25 jaar lank skrootyster.

### Gemeenskap

"Ten minste 70% van die rommel wat mense in hul huise weggooi, is herwinbaar. Die ander 30% is PVC of kos," vertel sy. Sy hoop om binnekort plastieksakke aan huishoudings in die dorp te kan versprei, sodat inwoners ook hul rommel kan sorteer.

Nell plaas ook dromme by skole, waar rommel sorteer en herwin word. Sy hoop om na nog meer skole, asook na informele nedersettings in die dorp uit te brei.

"As skole deel van ons span wil word, laat weet hulle my en ons kom plaas asdromme by hulle waarin rommel sorteer word. Ons kom tel dit elke Vrydag weer op," vertel Nell.

"Ek teken alles aan wat op die manier herwin word, sodat 'n mens later kan sien wie hoeveel herwin het."

Asdromme vir rommelsortering. FOTO OH!SIXSEVEN



# GTI helping with your farming needs

ADVERTORIAL

**Grootfontein Tractors & Implements has been in business since 1999, serving top of the crop agriculture equipment to our clients.**

We specialise in Landini tractors, various irrigation equipment, haymaking & silage, forage harvesters, ground engaging, spreading and spraying equipment as well as seeding and planting. We also have hammer mills, threshers and bag closers.

Our sales department will gladly assist you in finding most parts you require for above mentioned equipment and more.

We strive to give our clients top quality products and services for any farming needs.







# Vyf vrae vir 'n byeboer

Otjiwarongo se byeboer Dieter Radeck is sekerlik die grootste byeboer in die Otjozondjupastreek en ook een van die land se grootste én bekendste byeboere. Vir meer inligting, besoek sy Facebook-blad by Beekeeping Radeck.



Otjiwarongo se bekende byeboer, Dieter Radeck.
FOTO BEEKEEPING RADECK FACEBOOK







**1) Vertel asb. wie is jy en oor jou eie byeboerdery?**

Ek is Dieter Radeck, ek is in Otjiwarongo gebore en op skool gewees. Ek het aanvanklik eers bietjie in die wêreld "rondgeploeter" voor ek in 2010 teruggekeer het Namibië toe. Ek het agt jaar gelede met bye begin – as 'n stokperdjie, met net een korf agter my slaapkamer se venster. Van 2020 het ek toe besluit om voltyds in byeboerdery in te gaan en my beroep as 'n sjef en my restaurant op te gee.

**2) As jy 'n byeboer wil word, waar begin jy?**

As jy 'n byeboer wil word, beveel ek aan dat jy eers 'n kursus oor bye moet doen. Daar is so baie faktore en dinge wat 'n mens oor bye moet weet. Anders sal jy jou swerms almal op die een of ander manier verloor en jou bye sal wegtrek.

**3) Hoe verdien byeboere 'n inkomste?**

In Suid-Afrika word "bestuiwingsdienste" deur byeboere gebied – waar hul bye groot landerye bestuif. Dit is een van die vernaamste bronne van inkomste vir byeboere in die buurland, maar by ons is dit baie moeilik om bestuiwingsdienste te lewer, omdat die afstande in ons land so groot is.

Boonop het ons te min byeboere om die soort diens

Na bl. 5

oh!sixseven central northern areas

## This space can be yours for only N$340!

- We reach more than 50 000 readers per Oh!SixSeven edition
- We can help with designing your advertisements and writing paid advertorials
- We also offer advertising space on our website and social media pages
- We can create a comprehensive, professional marketing plan for your business
- We keep our readers and your clients engaged with quality content

Facebook: 067triangle 085 743 0595 067triangle@gmail.com

## Vanaf bl. 1

Ons sal sien wat die volgende dae sal bring, maar ek het vertroue," het sy vir vriende en familie laat weet.
Sy sê hul verblyf in Essen, Duitsland is aangenaam en dat daar 'n speelgronde naby vir Fabi, haar seuntjie is.
"Boonop is ons bly oor die sonskynweer oor die afgelope dae en voel ek 'tuis' op die oomblik. Dankie dat julle aan ons dink, dit dra ons daagliks en dit beteken baie vir my."
Dit volg nadat 'n veldtog deur familie en vriende om sowat N$1,32 miljoen vir Wanda se behandeling in te samel, oorweldigende steun ontvang het. Die bedrag en méér is in bietjie meer as 'n week ingesamel.
Wanda het in 'n Whatsapp-boodskap uit Duitsland laat weet dat sy nooit sou raai soveel mense sou haar ondersteun nie.
"Ek is so oorweldig, ontroer en dankbaar. Ek kan dit nie in woorde beskryf nie, ek is sprakeloos," het sy gesê.
Sy het aangedui dat enige geld wat oor is, aan die Okanti Foundation geskenk sal word.
Sy moet altesaam 33 bestralings kry – elke sessie duur sowat 'n halfuur en sy ontvang die behandeling vyf dae per week.
Wanda is reeds in 2019 met chondrosarcoma gediagnoseer, 'n rare tipe beenkanker waarvoor sy operasies ontvang het om dit te verwyder. Die kanker het ongelukkig teruggegroei – en die keer druk dit teen haar regteroog se optiese senuwee. Dit is ook baie naby aan 'n slagaar, wat beteken bestraling is al opsie wat oorbly. Sou sy gewone bestraling plaaslik ontvang, kan dit haar in beide oë blind maak. Daarteenoor beteken die gespesialiseerde proton-bestraling in Essen, Duitsland se West German Proton Therapy Centre, dat sy in die ergste geval, net skade aan een oog sal hê.
Wanda het in haar fondsinsamelingsbrief gesê haar grootste wens is om haar 2-jarige seuntjie te kan sien grootword.



Dieter Radeck verwyder 'n byenes.
FOTO BEEKEEPING RADECK FACEBOOK

## Vanaf bl. 4

op 'n groot skaal te kan lewer.
Ekself fokus meer op heuningproduksie. Namibiese heuning word as van die beste in die wêreld beskou omdat ons natuur nog grootliks ongeskonde is, met 'n skoon lug en bome, bosse en blomme in ons veld.
Ander bronne van inkomste met 'n byeboerdery is byewas. Om byewas op grootskaal te produseer, moet die bye 8 kg heuning indra om 1 kg was te produseer. Byewas word in naaldwerk, houtwerk asook in leerlooiery gebruik.
Ek weet van vrouens op Swakopmund wat hul eie lipbalm van byewas maak. Groot fabrieke soos Phabupharm op Otjiwarongo gebruik ook byewas in hul produkte. Hulle moet dit uit Suid-Afrika invoer, wat dit op grootmaat kan produseer.
'n Ander bye-produk is propolis, waarvoor daar op internasionale markte tot N$300 vir 100 g betaal word.
Dit word dikwels in mediese produkte gebruik omdat dit 'n natuurlike anti-bakteriese produk is, asook in tandepasta.
Daar word baie navorsing gedoen oor byegif se vermoë om borskanker klaarblyklik in ses dae te vernietig. Byegif kan ook van jou bye geoes word.
Daar is dus baie potensiaal om 'n inkomste uit byeboerderye te maak.

**4) Watter kursusse behoort voornemende byeboere te volg?**

Ek beveel nie aan dat mense kursusse oor die internet uit Duitsland of Amerika volg nie. Woon 'n kursus by wat vir Namibiese byeboere pasgemaak is.
Daar is meer as 200 000 verskillende bye in die wêreld – nie almal steek nie, maar almal maak ook nie heuning nie. Agra Provision bied plaaslik baie goeie kursusse oor byeboerderye aan.

**5) Daar is nou ook 'n Byeboerdery Verenging van Namibië (Ban) gestig. Moet mense betrokke raak?**

Die Byeboerdery Vereniging bestaan nou eers 'n jaar.
In Februarie is die eerste jaarvergadering gehou.
Ek sou egter sê: Almal wat in byeboerderye belangstel of met bye boer, word aangemoedig om by die vereniging aan te sluit. Byeboerderye in Namibië is nog jonk, maar dit groei jaarliks en daar is groot belangstelling. Sluit aan om die sektor te bevorder - vir ons asook vir toekomstige boere, want dit is goed vir ons bye, vir ons ekostelsel en ook vir die res van die land.



# Kilo 40 Butchery & Farmstall

## PRICE LIST (EXCLUDING VAT)

| BEEF CUTS: | Price Excl / Kg | | |
|---|---|---|---|
| Body Fat | N$ | 98 | |
| Brisket | N$ | 85 | |
| Brisket Fat | N$ | 112 | |
| Club Steak | N$ | 85 | |
| Fillet | N$ | 306.09 | |
| Fillet Tips | N$ | 227.50 | |
| Goulash | N$ | 115 | |
| Hamburger Patties | N$ | 100 | |
| Kneecaps | N$ | 56 | |
| Meaty Bones | N$ | 28 | |
| Mince | N$ | 100 | |
| Minute Steak | N$ | 135 | |
| Marrow Bones | N$ | 25 | |
| Oxtail | N$ | 130 | |
| Rib | N$ | 75 | |
| Ribeye | N$ | 135 | |
| Rump Steak | N$ | 135 | |
| Shin | N$ | 70 | |
| Shoulder Chops | N$ | 79 | |
| Silverside Whole | N$ | 126 | |
| Sirloin Steak | N$ | 165 | |
| Sosaties (5/pck) | N$ | 150.00 | p/pck |
| Stroganof | N$ | 115 | |
| T-bone | N$ | 120 | |
| Tongue | N$ | 110 | |
| Topside Whole | N$ | 110 | |
| Trimmings | N$ | 60 | |

| GAME CUTS (when available): | Price Excl / Kg | | |
|---|---|---|---|
| Brisket | N$ | 65 | |
| Buttock (Boud) | N$ | 90 | |
| Fillet | N$ | 130 | |
| Goulash | N$ | 60 | |
| Meaty Bones | N$ | 28 | |
| Rib | N$ | 62 | |
| Shanks | N$ | 75 | |
| Shin | N$ | 60 | |
| Shoulder Chops | N$ | 70 | |
| Sirloin | N$ | 140 | |
| Sosaties (5/pck) | N$ | 130.00 | p/pck |
| Steaks | N$ | 120 | |
| T-Bone | N$ | 120 | |
| Trimmings | N$ | 57 | |

| LAMB/GOAT CUTS: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Whole Carcass (Cut&Packed) | N$ | 95 |
| Curry Marinated Chops/Rib | N$ | 130 |
| Fat | N$ | 135 |
| Lamb/Goat cuts | N$ | 125 |
| Meaty Bones | N$ | 28 |
| Rib Whole | N$ | 125 |
| Shanks | N$ | 125 |
| Stew | N$ | 125 |

| PORK CUTS: | Price Excl / Kg | | |
|---|---|---|---|
| Eisbein | N$ | 100 | |
| Fat | N$ | 75 | |
| Fillet | N$ | 80 | |
| Goulash | N$ | 82.5 | |
| Meaty Bones | N$ | 28 | |
| Neck Chops | N$ | 95 | |
| Pork Belly (Rashers) | N$ | 120 | |
| Pork Loin Chops | N$ | 120 | |
| Pork Schnitzel Crumbed | N$ | 110 | |
| Pork Sosatie | N$ | 130 | p/pck |
| Shoulder Chops | N$ | 75 | |
| Sparerib | N$ | 85 | |
| Stew | N$ | 70 | |
| Streaky Bacon | N$ | 332 | |
| Trimmings | N$ | 69 | |

| CHICKEN/POULTRY: | Price Excl / Kg | | |
|---|---|---|---|
| Breast | N$ | 92.61 | |
| Chicken Schnitzel Crumbed | N$ | 135 | |
| Leg Quarters | N$ | 62.61 | |
| Sosaties (5/pck) | N$ | 110.00 | p/pck |
| Wings | N$ | 88.70 | |
| Kapana Half Chicken | N$ | 45.22 | |

| FISH: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Hake Fillets | N$ | 118 |
| Horse Mackerel | N$ | 44 |

| SAUSAGES: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Boerewors | N$ | 110 |
| Boerewors (THICK) | N$ | 120 |
| Cheese Russian | N$ | 166.09 |
| Cooked Pepper Russian (Unsmoked) | N$ | 98.00 |
| Cooked Russian (Unsmoked) | N$ | 92.00 |
| Curry/Garlic/Sosatie Boerewors | N$ | 115 |
| English Style Pork Sausage | N$ | 100.00 |
| Footlong Russian | N$ | 128.50 |
| Hot Dog Viennas | N$ | 121.74 |
| Kaas Boerewors | N$ | 120 |
| Kasegriller | N$ | 155.60 |
| Landjagers | N$ | 204.35 |
| Russian | N$ | 128.60 |
| Salami Sticks | N$ | 216 |
| Viennas | N$ | 147.80 |

| PRE-PACKS: | Price Excl/ P/PCK | |
|---|---|---|
| Braai Pack 1 | N$ | 95 |
| (PORK CHOP,SOSATIE,BOEREWORS) | | |
| Braai Pack 2 | N$ | 110 |
| (LAMB CHOP,SOSATIE,PORK BELLY,BOEREWORS) | | |
| Sosatie Braai Pack | N$ | 280 |
| (CHICKEN SOSATIEx4;BEEF SOSATIEx4;PORK SOSATIEx4;CHEESY PORK BITESx4) | | |
| Popper Braai Pack | N$ | 400 |
| (JALAPENO POPPERSx4;PEPPA DEW POPPERSx4;OEPSIESx4;BACON TWIRLx4) | | |

| SOMETHING LEKKER: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Cheesy Pork Bites (4/pck) | N$ | 255 |
| Bacon Boerewors Bites (4/pck) | N$ | 180 |
| Bacon Twirls (4/pck) | N$ | 330 |
| Jalapeno Poppers (4/pck) | N$ | 260 |
| Lamb Roll Rib | N$ | 170 |
| Oepsies | N$ | 200 |
| Peppa Dew Poppers (4/pck) | N$ | 250 |
| Pofadder | N$ | 100 |
| Skilpadjies (4/pck) | N$ | 110 |
| Stuffed Beef Fillet Roast | N$ | 250 |
| Sweet Chilli Chicken Bites (4/pck) | N$ | 260 |

| OFFAL: | Price Excl / Kg | | |
|---|---|---|---|
| Beef Offal-Big | N$ | 391.30 | p/pck |
| (HEAD,FEET,STOMACH,BLAR PENS) | | | |
| Beef Offal-Small | N$ | 217.39 | p/pck |
| (HEAD,FEET,STOMACH,BLAR PENS) | | | |
| Beef Liver | N$ | 70 | |
| Lamb/Goat Offal | N$ | 173.91 | p/pck |
| (HEAD,FEET,HEART,STOMACH,LIVER) | | | |
| Lamb Liver | N$ | 40 | |
| Lamb Tail (NO FAT) | N$ | 250 | |
| Lamb Kidneys | N$ | 60 | |
| Pork Heads | N$ | 45 | |
| Pork Ears | N$ | 80 | |
| Pork Trotters | N$ | 60 | |
| Pork Skin | N$ | 46 | |
| Saagsels | N$ | 20 | |

| PROCESSED: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Bierwurst Polony | N$ | 127.83 |
| Fleischwurst Polony | N$ | 117.39 |
| German Cooked Ham | N$ | 130.43 |
| Jagdwurst Polony | N$ | 126.96 |
| Salami | N$ | 203.48 |
| Sandwich Ham | N$ | 132.17 |

| COMBOS: | Price Excl |
|---|---|
| Beef Combo N$400 | Braai Combo N$465 |
| 2KG MEATY BONES | 1 PACK BEEF SOSATIES |
| 1KG BRISKET | 1KG BOEREWORS |
| 1KG SHOULDER CHOPS | 1 PACK PORK LOIN CHOPS |
| 1KG BOEREWORS | 1 PACK LAMB CHOPS |
| 500G GOULASH | 4KG CHARCOAL-FREE |
| Biltong Combo N$550 | Lamb Combo N$300 |
| 500G CHILLIBITES | 1 PACK LAMB CUTS |
| 500G DROEWORS | 1 PACK CURRY CHOPS |
| 500G BEEF BILTONG | 1 PACK RIB |

| DRIED PRODUCTS: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Bacon Biltong | N$ | 379.50 |
| Beef Biltong | N$ | 390 |
| Biltong Powder | N$ | 350 |
| Boere Chow Sticks | N$ | 350 |
| Chilli Blare | N$ | 420 |
| Chilli Droewors Patties | N$ | 380 |
| Chilli Sticks | N$ | 330 |
| Chillibites | N$ | 420 |
| Chutney Biltong | N$ | 420 |
| Chutney Droewors Patties | N$ | 380 |
| Droewors | N$ | 320 |
| Droewors Patties | N$ | 330 |
| Game Biltong | N$ | 300 |
| Sweet Chilli Chunks | N$ | 370 |

| BUDGET PRODUCTS: | Price Excl / Kg | |
|---|---|---|
| Budget Mince | N$ | 30 |
| Budget Chakalaka Mince | N$ | 35 |
| Budget Chakalaka Boerewors | N$ | 35 |

**CONTACT DETAILS:**
**TEL:** 067 304 789
081 551 4004
**EMAIL:** orders@waterberagri.com

*Deliveries in Otjiwarongo are done on:
**Tuesday & Friday**
*Orders must be in by 12pm Monday/Thursday.
*All prices are **EXCLUDING VAT.**
*Prices are subjected to availability and can change at any time.
*Products must be inspected upon pick-up/delivery.
*No claims accepted after client has inspected & accepted the products.
*Payment Terms: **COD**
***PRICES ARE SUBJECTED TO CHANGE WITHOUT NOTICE & CAN BE BASED ON AVAILABILITY OF PRODUCTS.**
**(For Price List send us an email.)**

## Waterberg Agri Trading CC
P.O. Box 7415
C/O Hage Ave. & West street
Otjiwarongo



**Services that we provide :**

**1** Transport of
- Cattle
- Fodder and Lick

**2** Cattle purchases
**3** Irrigation management
**4** Feedlot cattle production

**Contact:**
Chris- 081 450 4236
chris@waterbergagri.com
Neels- 081 444 3220
neels@waterbergagri.com

## Otjiwarongo Service Station
P.O. Box 7415
C/O Hage Ave. & West street
Otjiwarongo




**Services that we provide :**

**1** Refueling any vehicle/truck
**2** Lubricants
**3** Quick shop 24/7
**4** Take away restaurant

**Contact:**
**067 302 105**
**admin@OSS.com.na**

## Kilo 40 Butchery & Farmstall
P.O. Box 7415
Otjiwarongo



**Services that we provide :**

**1** Production of meat products
**2** Butchery
**3** Pit stop - kiosk
**4** Orders and Deliveries cross country if order is bigger than N$10 000.

**Contact:**
067 304 789
081 551 4004
orders@waterbergagri.com

## Mirabilis Service Station
P.O. Box 7415
Efr 2279, next to OK Foods
Khorixas



**Services that we provide :**

**1** Refueling any vehicle/truck
**2** Lubricants
**3** Quick shop 24/7
**4** Take away restaurant

**Contact:**
**067 331 943**
**welwitchia@iway.na**

ENGEN

## Kilo 40 Charcoal
P.O. Box 7415
Otjiwarongo



**Services that we provide :**

**1** Purchasing charcoal
**2** Producing charcoal briquettes
**3** Advanced charcoal production
**4** Transportation

**Contact:**
Lehandri- 081 264 0867
charcoal@waterbergagri.com
Neels- 081 444 3220
neels@waterbergagri.com

# Calender of events

Want to advertise your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




**24 February 2023**
World "Skip-the-Straw" day

**24 - 25 February 2023**
Edugate Prestige Athletics

**27 February 2023**
International NGO day

**3 March 2023**
World Wildlife Day

**8 March 2023**
International Women's Day

**10 - 11 March 2023**
NAPSO Athletics Keetmanshoop

**11 March 2023**
Zonals Grootfontein GSS

**14 March 2023**
International Day of Action for Rivers

**21 March 2023**
Namibian Independence Day










